47.M.2.9

EK GROET JOU, BERTIEN

- Hennie Aucamp -

Vandag se pos het 'n doopkaartjie uit België gebring: Bertien is ma. Ek kan my voorstel met hoeveel geesdrif Bertien ma is. Sy't álles met oorgawe aangepak. En tog het sy nooit onbesinsd opgetree in die jaar dat ek by die Van Akens ingewoon het nie, behalwe daardie een keer, maar toe was dit noodsaak, terapie. Alles in ag genome, was sy 'n baie verstandige meisiekind. Ek kon nooit glo dat sy net neëntien is nie. As haar pa oor Die Saak wou praat - hy had 'n fyngebakwinkel, 'n patisserie, op 'n plein in die hartjie van die stad - het hy nie in die eerste plek met sy vrou of sy getroude seuns gepraat nie, maar met hóór; en met hóór, by voorkeur, het hy oor landsake, godsdiens en moraliteit geredeneer. Wanneer ek saans laat van 'n konsert of film of lesing af terugkom, het ek eers by die woonvertrek ingeloer, en sonder uitsondering het hulle daar gesit, Bertien en haar pa, bierglase in die hand, hard aan die stry.

Ek wonder dikwels of Bertien se „nugterheid" in daardie één saak haar nooit ingehaal het nie. Skuif Pater Lex nie soms tussen haar en haar man in nie? As sy na haar man kyk aan die etenstafel, of saans, waar hy langs haar slaap, die straatlig op sy gesig, soek sy nie na die trekke van haar eerste liefde nie: 'n lang, regaf neus; 'n vol, sinnelike mond; 'n korrekte ringbaardjie, en oë wat onbegryplik blou is?

Die Van Akens het in 'n drieverdiepinghuis in Kolkstraat gewoon; 'n ruim huis wat onderdak verskaf het aan mnr. en mev. Van Aken en sewe kinders, en aan drie loseerders op die koop toe.

Ek en die ander student-loseerders het ons ontbyt teen 'n geringe bedraggie in die patisserie op die plein genuttig.

Die dag van my eerste ontbyt het ek op die verkeerde plek in die kafee gaan sit - by 'n hoektafeltjie regs van die hoede- en -jasrak. Bertien het vriendelik verduidelik dat dit nie mag nie: dis pater Lex se plek. 'n Rukkie later het die pater binnegekom. Bertien het hom uit sy groot jas gehelp, die jas met groot omstandigheid aan die rak opgehang, en toe sy ontbyt gaan haal: broodjies met lappe ham en kaas; konfyt; koffie.

Die blou van die pater se oë het my betower; 'n blou vuur wat alle verstand te bowe gaan. Hy't gevoel ek kyk na hom, en het opgekyk van sy kos. Toe knik hy en glimlag - 'n serene glimlag binne sy kordate baardjie.

Ek het die pater nie in die kafee ontmoet nie, maar by die Van Akens aan huis. Hy't dikwels by hulle gekom en so tuis gelyk asof hy een van die familie is. Die kinders was verdold op hom, veral die jongste. Bartje het byna altyd op die pater se skoot gesit. As dit slaaptyd was vir die kinders, het hulle voor hom kom kniel. Dan het hy baie ernstig na hulle gekyk, en 'n kruisteken op hul voorkoppies gemaak. Ek kon my verkyk aan die opgehefte kindergesiggies: devoot en teer.

Tydens die besoek van die pater het ons soms na televisieprogramme gekyk, maar meestal wou hy meer van Afrika weet. Dit was geen hoflikheidsbelangstelling nie: my Afrika was vir hom 'n soort toetssteen. My vertellings van gistende rassehaat, ongeloof, primitiwiteit het vir hom 'n brug help span na Suid-Amerika. Want na Suid-Amerika wou hy

gaan. Móés hy gaan. Sy blou oë het gestol tot juwele wanneer hy van Suid-Amerika praat: daar, dáár sal jy nog kan voel dat jy werk, dat jy iets bereik.

Die Van Akens het hom nooit teengegaan nie - daarvoor het hulle 'n ander se mening te veel gerespekteer. Net een aand kon mev. Van Aken haar nie bedwing nie: „Maar hier - hier is tog óók werk! Die kinders van die wyk is so lief vir u!" Die pater het geglimlag - ek het die gevoel gekry: hy dink aan Bartje. Bertien het skielik driftig gepraat: „'n Mens moet doen wat jy móét doen."

As die kafee die dag nie te vol was nie, het sy soms by my ontbyttafel kom sit en gesels.

„Pater Lex gaan weg," sê sy een oggend, en kyk na haar vingernaels.

„Suid-Amerika toe?"

Sy knik. „Ek wil ook Suid-Amerika toe," sê sy na 'n rukkie.

„Wat, om pater Lex gaan?"

Ek kon my hare uittrek oor my onbesonne woorde. Bertien het bleek geword.

„Hoekom het u dít gesê?"

„'n Flou grappie, vergewe my."

„Daar is baie werk vir jongmense daar. Die Kerk het ons nodig daar - nodiger as hier."

„U --- wil nie dalk gaan om dit so romanties is daar nie? Kleurryk; vreemde danse. Eksoties."

„Ek weet nie. Ek wéét nie. Hoe sal ek weet as ek nie

gáán nie? Ag, u wat baie gereis het, en baie gesien het, u behoort te verstaan: 'n mens wil jou nie vestig voor jy nie uit was in die lewe nie. Uit - weg van die beskerming van jou ouers, jou stad, jou land."

Van daardie dag af het ek Bertien dopgehou; besef hóé geheg sy aan die pater is. Die pater betaal vir 'n gewone ontbyt, wat net broodjies, konfyt en koffie beteken, maar sý broodjies het kaas en ham by. Af en toe kry hy selfs sjokola, kompleet of dit Sondag is!

'n Paar weke later kom staan sy by my tafel. „Drie jongmense uit ons wyk gaan Suid-Amerika toe," sê sy.

„En ---?"

„Vader sê ek kan ook gaan - as dit my hartewens is."

Ek kan my voorstel hoeveel grootmoedigheid dié verlof van mnr. Van Aken geëis het.

„Is jou ma die probleem?"

Bertien skud haar kop.

„As Vader dit goedvind, sal Moeke ook ja sê."

„Nou, dan: wat is die probleem?"

„Wat u die vorige keer genoem het - my motief. Ek moet weet of dit suiwer is."

„Ag, pieker nie tê veel daaroor nie. Gáán. Laat jou hart jou voorskryf wat om te doen. Die hart het sy redes waar die rede nie van weet nie. U ken mos dié gesegde?"

Bertien loop vinnig van my af weg. Sy kyk nie van die toonbank af op wanneer ek tot siens sê nie.

Tuis word Bertien se planne druk bespreek. Die Van Akens

praat nou minder oor die weggaan van pater Lex as vroeër: Bertien se probleem is 'n groter, 'n onmiddelliker kwessie.

Op 'n middag kom vra mev. Van Aken of ek nie die aand saam met die huisgesin wil eet nie; 'n afskeidsete vir pater Lex.

'n Groot ete: hoender voorberei volgens 'n óú Walloonse resep. Daar word flink gedrink. Die kinders mag 'n uurtjie langer wakker bly. Wanneer die kinders voor pater Lex kom kniel vir 'n afskeidsgroet, staan Bertien senuweeagtig en toekyk. Met Bertje skaars orent na sy nagseën, sak Bertien op haar knieë voor die pater.

„Ook vir my," mompel sy. „Ek wil gaan slaap." Sy lig haar gesig na hom op, maar sy kan sy oë nie verduur nie, maak haar oë toe. Trane stoot onder haar ooglede deur en loop oor haar wange.

Die volgende middag klop mnr. Van Aken aan my deur. Dis die eerste keer dat hy my op my kamer besoek. Verleë soos hy is, val hy tog dadelik met die deur in die huis.

„Ek wil 'n guns van u vra. Dit raak onse Bertien."

„Seker, as ek kan help."

„U't gesien toe sy gekniel het gist'raand --- begryp ---"

„Ek --- dink so."

„Sy het hom lief." Mnr. Van Aken begin vir hom 'n sigaret draai. „Sy't dit nooit presies geweet nie, tot gist'raand toe. En nou voel sy só verneder - deur haarself."

Ek bly stil.

„Sy wil vanaand gaan dans in die Voodoo-bar."

Mnr. Van Aken merk my verbasing: die Voodoo is 'n berugte nagklub in die hawebuurt, berug selfs buite die grense van die stad.

„Ja," sê hy, „'n smerige nes. Maar sy wil dit so hê, en ek kan dit begryp. As u saam met haar wil gaan? Laat haar begaan, laat haar drink; ek sal betaal ---" Hy kyk skaam na sy sigaret. „Maar pas haar op."

Om mnr. Van Aken verdere ongemak te bespaar, stem ek dade= lik in; weier vanselfsprekend om sy geld te neem.

Maar by die nagklub dié aand dring Bertien daarop aan om vir alles te betaal. Sy het 'n rol geld by haar. „Ce soir c'est moi qui paie," sing sy. Ek kap teë. „Maar ek móét betaal," sê sy desperaat. Toe begryp ek: dis deel van die ritueel dat sy sélf betaal.

Die Voodoo is die benoudste nagklub waarin ek nog was. Nou, donker en bedompig. As dit nie vir die wit hemde van die mans is wat soos fosfor in die donker gloei nie, sal jy skaars jou weg kan vind. Ons drink, sweet, dans. Later moet ek rondes oorslaan; ek kan nie saam met Bertien drink en nog my positiewe behou nie. Sy klamp haar aan my vas. Soms huil sy teen my bors. „Soen my!" fluister sy een keer. Ek soen haar versigtig. „Nee, nie só nie. Nie soos 'n broer nie. Soen my of --- of ek vuil is!"

Wanneer die Voodoo om halfvier die nag sluit, moet ons oor= reed word om die plek te verlaat. Bertien hang aan my terwyl ons onvas koers kry na Kolkstraat. By 'n bruggie leun ons oor die reling en kyk ons hoe die swart water onder die bruggie inskuif. Net betyds gryp ek Bertien se arm: sy wil haar handsak in die grag gooi.

Die mense sê so maklik: eerste liefde, en trek hul skouers op of hulle wil sê: wat 'n oppervlakkige emosie. Die jeug peuter nie so lank aan hul teleurstellings soos ouer mense nie, dis waar: hulle verwerk dié dinge met drif. Maar dit wil nie sê dat hulle minder seerkry as ouer mense nie.

Vir 'n week of twee het ek Bertien sien ly. Nie opvallend nie, o, nee; sy't geskerts by die werk en tuis, en met haar pa geredeneer; maar in 'n onbewaakte oomblik het sy na buite gekyk, waar die grys lug op die dakke gelê het, en haar jong profiel was wanhopig, en ek kon haar hoor dink:

Wag sonder hoop, glo sonder liefde: die lewe duur te lank, o Heer.

Solank pater Lex in die stad was, het sy self sy ontbyt vir hom geneem en, glo dit of nie, met hom gepraat en soms gelag.